Oordenking
21 September 2009

‘n Toegewyde gemeente.

Die eerste kerk in Jerusalem het hulle toegelê op gebed as ‘n lewenswyse en God het wonderlike dinge by hulle gedoen as gevolg daarvan. (Hand 2: 43).

Tydens sy bediening het die kragtige prediker, Spurgeon, moedeloos geword oor wat hy as agteruitgang in die geestelike lewe van die kerke in Londen beskou het. Een van die redes hiervoor was, volgens hom, die feit *dat hierdie gemeentes net twee maal per week bymekaar gekom het vir gebed!* Spurgeon het verstaan hoe lewensbelangrik gebed vir die sukses van die plaaslike gemeente is.

Ons kerk mag ly as gevolg daarvan dat ons nie genoeg in gebed stry vir die saak van Christus nie.

Rom 12: 10 – 12 en 21: Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld. Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed.
Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

Of ons daarvan hou of nie, ons moet aanvaar dat ons in ‘n geveg betrokke is, waar volharding in gebed, standvastigheid in verdrukking en blydskap as gevolg van ons hoop, ‘n sleutelrol speel, omdat ons mekaar as familie in Christus liefhet. En ons verslap nie in toewyding aan mekaar nie, omdat ons aan Jesus en aan die saak van Christus toegewy is.

‘n Kerk wat die Here geesdriftig dien, is ‘n kerk waar daar nie net gepraat word oor Bybelse Christenskap nie, maar waar dit uitgeleef word. Dit gebeur net waar die Christen gemeenskap ook ‘n biddende een is.

Mag die Here jou ryklik seën in jou lewe wat aan die Here toegewy is.